



# Sandveld stel hul "WaterWatch" program bekend

**(Artikel en foto's: Estelle Theron)**

**"Dit is alleenlik net 'n persoon wat wins maak wat die bodem kan bewaar." Minister Gerrit van Rensburg – tydens sy optrede by WaterWatch se bekendstelling op 19 Oktober 2009 in die Sandveld.**




***Sprekers tydens die geleentheid. VLNR is: Hugo van Zyl, Sean Ranger, André Roux, Minister Gerrit van Rensburg, Ashia Peterson, Mark du Plessis, Wouter Meijninger en Joos Engelbrecht***




***Ashia Petersen in gesprek met Minister Gerrit van Rensburg***

Die amptelike bekendstelling van die Sandveld waterinisiatief, bekend as WaterWatch, het plaasgevind op Maandag, 19 Oktober 2009. Wat hierdie geleentheid nog meer spesiaal gemaak het, is die feit dat dit aangebied is in die heel eerste gebou wat aan die weskus opgerig is – en dus meer as 200 jaar oud is.

Hierdie projek is `n voorbeeld van wat vermag kan word indien daar samewerking tussen verskillende partye en rolspelers is. Die Wes-Kaapse Departement van Landbou voorsien R900 000 van die R2 055 500 projek ten einde te verseker dat water effektief deur aartappelprodusente in die Sandveld benut word. Die Departement van Waterwese se bydrae beloop R500 000 en diè van SANBI R655 500. Hierdie projek sal ook die impak wat aartappel- en rooibosproduksie oor die afgelope tien jaar op die biodiversiteit in die Sandveld gehad het, help bepaal.

Sean Ranger het die gehoor ingelig aangaande die projek m.b.t. "Beste bestuurspraktyke in die Sandveld" – waarvan die verskeie aartappelprodusente in die streek reeds deel is. Volgens Ranger is die Biodiversiteit in die Sandveld spesifiek van belang aangesien:

- Die kernproduksiearea binne die Groter Cedarberg Biodiversiteitskorridor val
- Die Verlorenvlei Vleilande van internasionale belang is
- Daar ten minste 65 seldsame en bedreigde plantspesies alleen in die kernarea voorkom
- Daar nege tipes vegetasie/ekosisteme in die produksiegebied voorkom wat beskou word as bedreig
- Daar is reeds 50% van die Leipoldtville Sand Fynbos ontwrig vir landboudoeleindes en die oorblywende gedeelte is hoogs bedreig

Volgens Ranger is die volgende bewaringsdoelwitte deur Cape Nature vir die Groter Cederberg Biodiversiteitskorridor voorgestel:

- Om te verseker dat tradisionele grondgebruikspraktyke erken en gerespekteer word
- Om onvolhoubare grondgebruikspraktyke te ontmoedig





***Diegene wat die bekendstelling bygewoon het, het aandagtig geluister na die sprekers***

en nuwe oplossings te soek vir sodanige huidige praktyke
- Om die beskerming van die unieke biodiversiteit van die gebied te verseker

Hy het beklemtoon dat die "Beste bestuurspraktyke"-handleiding gemik is op volhoubare produksie en dus aangeleenthede soos finasieële beplanning, die stoor van chemiese middels, beheer van indringerplante, skoonmaak van lande, besproeiing, besoedeling van grondwater en beheer van afval sowel as die veilige stoor van brandstof insluit. Volgens Ranger moet dit eerder gesien word as `n omgewingsbestuursplan.

Die rol van die Departement van Waterwese is geskets deur Ashia Petersen. Sy het gesê dat daar spesifieke uitdagings in hierdie verband is, naamlik:

- Buitengewone druk op ondergrondse waterbronne
- Implementering van `n langtermyn watervoorsienings-oplossing aan die betrokke munisipaliteite (Graafwater, Lambertsbaai, Elandsbaai en Leipoldtville)
- Implementering van die Sandveld aksieplan - wat insluit die finalisering en verifiëring van die aspekte daarvan, die totstandkoming van die Verlorevlei rivieropvangs en die finalisering en implementering van die waterbestuursplan

Sy het aangedui dat die Departement van Waterwese verbind is daartoe om hierdie projek te ondersteun en dat hulle bereid is om "alle inligting en bystand te bied om die implementering daarvan te verseker."

Minister Gerrit van Rensburg het tydens die bekendstelling gesê dat volhoubare voorsiening van voedsel en voedselstabiliteit uiters noodsaaklik is. Hy het ook beklemtoon dat aangeleenthede soos klimaatsverandering en grondhervorming `n rol speel in die kwessie van voedselstabiliteit. Van Rensburg is van mening dat dit alleenlik diegene is wat wins maak wat die bodem vir toekomstige landbou sal bewaar. Hy meen ook dat dit "saam met wins noodsaaklik is om te kyk na effektiewe waterbenutting." Hy het beklemtoon dat dit noodsaaklik is om aan te pas by klimaatsverandering en dat "ons nie kan wegkruip agter wette wat reeds in die dertigerjare gepromulgeer is nie."

Wouter Meijninger (wat vanuit Nederland hier teenwoordig was) het kortliks die vordering bespreek wat reeds met die WaterWatch projek bereik is en Andrè Roux vanaf die Departement van Landbou het diè Sandveldse projek breedvoerig bespreek. Die samevatting is behartig deur Mark du Plessis van ASA. Hy het beklemtoon dat samewerking die sleutel tot sukses is in hierdie projek.

C

# Sokkertoernooi vir plaaswerkers

**(Artikel: Suretha Deetlefs en Estelle Theron. Foto's: Suretha Deetlefs)**

Die positiewe gees en entoesiasme wat 2008 se sokkertoernooi in die Ceres streek onder plaaswerkers gevestig het, is ongelooflik. Hoewel dit aanvanklik deel gevorm het van die Internasionale Jaar van die Aartappel-feesvieringe, was dit so gewild dat daar besluit is om dit voort te sit. Die toernooi word gereël deur KORKOM en moontlik gemaak deur borgskap van ASA.

Hiermee word spesifiek gepoog om die plaaswerkers van die streek, wat ongeveer 25,000 mense insluit, te bereik en op te hef. Altesaam 56 plaaslike sokkerspanne het hierdie jaar aan die toernooi deelgeneem en die finale wedstryde het Saterdag, 10 Oktober 2009 by Môrester se sokkervelde in die Koue Bokkeveld plaasgevind. Die vier spanne wat deurgedring het na die semi-finaal, was Kleinvlak, Bokveldskloof, Langrivier en Kromfontein.




***So ry 'n wenspan huistoe met sy prysgeld ... wys dit vir almal!***